www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/01**
**Reading and Writing**

**Kommentaar op spesifieke vrae**

**Oefening 1**

Kandidate het hierdie vrae oor die algemeen goed beantwoord. Alhoewel hulle nie volsinne hoef te geskryf het nie, was dit opmerklik hoeveel wel die vrae in volsinne beantwoord het, maar dan nie hul sinne met 'n hoofletter begin het en met 'n punt geëindig het nie. Kandidate moet onthou hulle kan kosbare tyd mors deur in volsinne te antwoord.

**Oefening 2**

Die meeste kandidate het die vorm goed ingevul, maar min het die datum vir die begin van die groep se verblyf (2 Desember) korrek ingevul.

**Oefening 3**

Dit was verblydend hoe goed baie kandidate in hierdie oefening gevaar het. Kandidate moet onthou dat hulle telegramstyl mag gebruik en nie (lang) sinne woordeliks uit die teks moet neerskryf nie. Dit moet duidelik wees dat hulle die teks verstaan.

**Oefening 4**

Die meeste kandidate het die opsomming moeilik gevind en nie verstaan dat hulle op die verskille en ooreenkomste tussen bedreigings vir pikkewyne in die verlede en die hede moes konsentreer nie. Dit is belangrik dat kandidate die instruksies noukeurig uitvoer: één paragraaf van hoogstens 80 woorde, en soveel as moontlik in hul eie woorde.

**Oefening 5**

Dit was duidelik dat die meeste kandidate die opdrag verstaan het en oor die onderwerp kon skryf. Daar was verskeie baie goeie skryfstukke. Behalwe die algemene foute wat tweedetaalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet kandidate onthou om in paragrawe te skryf en reëls tussen paragrawe oop te laat.

**Oefening 6**

Algemene kommentaar: Kandidate moet die vrae in hul eie woorde probeer beantwoord en nie die vrae in hul antwoorde herhaal nie, want dit mors tyd.

**Vraag 1**: Party kandidate het gesukkel om die betekenis van die sin te verduidelik.

**Vraag 2**: Hierdie vraag is oor die algemeen goed beantwoord.

**Vraag 3**: Hierdie vraag is goed beantwoord.

**Vraag 4**: Heelwat kandidate het gesukkel om hul eie vertolking te gee. Baie het hul antwoord direk uit die teks neergeskryf.

**Vraag 5**: Hierdie vraag is oor die algemeen goed beantwoord.

www.PapaCambridge.com

**Vraag 6**: Alhoewel baie kandidate hierdie vraag korrek beantwoord het, het verskeie die fout [illegible] sê wat kinders nodig het (direk uit die teks) eerder as om te verduidelik wat Dawie en sy vrou [illegible] kon gee.

**Oefening 7**

Die gehalte van die inhoud van hierdie skryfstukke was dikwels 'n goeie aanduiding van kandidate se vlak van Afrikaans. Sterker kandidate kon sinvol kommentaar lewer op die skool se voorstel om verpligte gemeenskapsdiens in te stel, terwyl swakker kandidate geneig was om oor een of twee van die voorstelle vir gemeenskapdiens te skryf.

Daar was twee algemene probleme ten opsigte van die styl/aanbieding van die skryfstukke:
- Min kandidate het die formaat en styl van 'n koerantberig gevolg.
- Min kandidate het in paragrawe geskryf.

Die skryfstukke in **Oefening 5** en **7** toon dat benewens algemene foute met leestekens, spelling, hoofletters, woordorde en die negatief, talle kandidate nie mooi weet hoe om ordentlike paragrawe te skryf nie. Dit is dus iets wat aandag sal moet kry.

www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/02**
**Listening**

## Algemene kommentaar

Leerders wat die luistertekste goed verstaan het, het baie goed gevaar in hierdie vraestel. 'n Aansienlike aantal kandidate het uitstekende resultate behaal.

Daar was egter ook baie kandidate wat uiters min verstaan het van die praatjies en gesprekke waarna hulle geluister het. Dit is baie duidelik dat hulle te min gesproke Afrikaans hoor. Die vaardigheid om te verstaan wat mense praat, kan slegs verwerf word deur blootstelling aan die gesproke woord. Daarbenewens moet 'n mens ook oor genoeg woordeskat beskik om woorde en frases wat jy hoor, te herken en sin daarvan te maak, anders weet jy nie wat gesê word nie, al hoor jy die spraakklanke. Kandidate wat glad nie die luisterteks verstaan het nie, het soms probeer om die klanke wat hulle gedink het hulle gehoor het, as woorde of frases neer te skryf, sonder enige begrip. Om bevredigende punte in hierdie luistervraestel te behaal, en gesprekke te kan volg, is dit belangrik dat kandidate meer luisteroefeninge moet doen.

Kandidate is nie gepenaliseer vir spelfoute (mits die woord herkenbaar was) en verkeerde grammatika nie. Solank uit die antwoord geblyk het dat die teks en die vraag korrek verstaan is, is die punte toegeken.

## Kommentaar op spesifieke vrae

### Oefening 1

Hierdie oefening is oor die algemeen bevredigend beantwoord. Baie kandidate het volpunte behaal.

### Oefening 2

Baie kandidate het nie opgelet na die woord "hier" in die inleidende stelling waarop hulle in vraag 7 moes reageer nie. Dit is die leidraad tot die antwoord, want in *hierdie* teks is die versoekings duidelik dwelms; dus is die korrekte antwoord A. Sommige kandidate het kruisies in die blokkies getrek in plaas daarvan om regmerkies te gebruik (nie gepenaliseer nie). Die regmerkie word duidelik in die instruksie op die vraestel gewys. Sommige kandidate het van die vrae nie beantwoord nie, moontlik omdat hulle gedink het hulle kan gepenaliseer word vir 'n verkeerde antwoord. Die vraestel word nie negatief nagesien nie.

### Oefening 3

Dit was hier duidelik dat swakker kandidate nie 'n gesprek op hierdie vlak kan volg nie. Die woorde "vaardighede" (vraag 17), "intelligente" (vraag 16), "gekies" (vraag 13) en "entoesiasme" (vraag 19) is baie dikwels verkeerd gespel, maar punte is wel toegeken as dit herkenbaar was. Met die spelling van laasgenoemde twee woorde is gefouteer omdat sommige kandidate nie die verskil ken tussen "ie" en "ei" nie en nie altyd besef dat die oe-klank in Afrikaans nooit uit iets anders as die letters "oe" kan bestaan nie.

### Oefening 4

Hierdie oefening het die hoogste eise aan die kandidate gestel, want vrae moes, in ooreenstemming met die kurrikulum, in sinne of frases beantwoord word en daar moes fyn geluister word na wat die sprekers sê. Dit is oor die algemeen die swakste beantwoord, maar uitmuntende kandidate het soms volpunte vir die oefening gekry of slegs een punt verloor. Daarteenoor was daar talle kandidate wat geen punte gekry het nie omdat hulle die luisterteks nie verstaan het of kon volg nie.

www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/05**
**Oral**

## General comments

A large majority of the Examiners conducted interesting examinations and kept to the marking and administrative guidelines. However, there were a few who did not appear to have consulted the Examiner's Booklet properly, which put their candidates' performances at risk. A small number of Examiners were unprepared. It is of vital importance for Examiners to prepare a number of questions beforehand on each of the topics. This will help the flow of the conversation and often solves the problem of long silences.

### Recording

There was an improvement in the reduction of noise during the conversations. Unfortunately, some Centres did not adhere to the 2006 report recommendations in choosing a quiet place for the interviews. It can be very disturbing and distracting when somebody walks into the room while an interview is taking place, or when there is noise from outside of the classroom.

### Range of samples

Most Centres sent in a representative sample of candidates' interviews, according to the guidelines. Some Centres, however, still do not send in a sufficient range of their candidature, which should include their best and poorest candidates, not just those in between these two extremes.

The order of the names on the cassette cards must be in exactly the same order as the order in which the interviews are recorded.

### Conversation

Examiners are reminded that they must give their candidates their undivided attention and strive to put their candidates at ease as some will be very nervous. If an Examiner appears enthusiastic and friendly it will help the candidate to relax and motivate them to show their communicating skills.

Examiners should prevent candidates from delivering a monologue, either in the warm-up or at the beginning of the actual conversation, as the required format is a dialogue. Examiners should initiate the conversation and keep a sufficient level of control by asking timely questions. Active participation on their part will also prevent speeches and long silences. The last two phenomena mostly occur when Examiners are not well prepared.

### Assessment

The standard of assessment has improved to the point where most Examiner marks did not need moderation. A few Examiners still tend to be either too lenient with the better candidates and/or too strict with the poorer candidates or visa versa. Examiners are reminded that they should study the marking grid anew each year and adhere to it.